*Bijbelse Dagboekje*, bewerkt naar de leesrooster „Een jaar met de Bijbel" opgesteld door het Nederlands Bijbelgenootschap. Kolibri-reeks. Boekencentrum N.V. 's Gravenhage, 1955. 296 bls. Prys f. 2.50.

*Ochtendwijding* 1956. Een hulp voor dagelijkse Bijbellezing. In opdracht van de Raad voor het Jeugdwerk te Amsterdam uitgegeven door Boeknecentrum N.V. te 's Gravenhage. 12 bls. Prys f. 1.40.

Hierdie twee dagboekies kan hartelik aanbeveel word, sowel om hul keurige en handige voorkome en formaat en lae prys as veral om hulle inhoud. In die eerste volg die oordenkings van ongeveer 24 reëls elk met pakkende opskrifte, skrifperikoop, teks en sluitend met 'n aanwysing van psalm of gesang die kerklike jaar in soveel moontlik deurgaande lesing van Bybelboeke of gedeeltes daarvan. Die Regsiter agterin vermeld die Bybelgedeeltes in die volgorde van die Bybelboeke, wat die naslaan vergemaklik en waaruit blyk dat Ou en Nuwe Testament ongeveer eweveel aandag kry. Uiteraard is daar verskil in treffendheid van die oordenkings, wat egter almal die voordeel het dat hulle meer teksverklaring en dus Skrifgetuienis as persoonlike toepassing en dierbaarhede bevat. Name van die medewerkers word nie genoem nie. Dit is wel die geval in die tweede geskrif „Ochtendwijding", waar twaalf medewerkers vermeld word wat elk vir 'n halwe maand se oordenkings verantwoordelik is. 'n Besonderheid van hierdie boekie is ook dat eweëens agterin kort inleidings gegee word op die Bybelboeke waaruit perikope en tekste geneem is en 'n reeks gebede vir oggend en aand en die sewe weekdae tegelyk met onderwerpe van voorbede. Hier word inderdaad die „huisgemeente" openbaar waarvoor ook die Hervormde Dienstboek so veel belangstelling toon. Elke week het sy teks en lied, elke Sondag sy eie perikoop en oordenking, terwyl op ander weekdae deurlopende Skrifperikope gebied en behandel word, met opgaaf van ander perikope vir die aand. Die oordenkings is besonder kort, ongeveer 12 reëls elk; maar mens verbaas en verheug jou daaroor dat in so weinig woorde soveel kernagtigs en aktueels gesê kan word.

16 Julie 1956 B. GEMSER.